‘Foto’s wys hoe oorlog regtig was’

Mense oningelig – fotograaf

Alet Rademeyer

Al het hy terminale pankreaskanker en al het hy nie aldag die energie wat hy vroeër gehad het nie, raak Paul Alberts, bekroonde joernalis en fotograaf, in vervoering wanneer hy oor sy passie begin praat.

Hy het deur die jare mense en hul doen en late op film vasgelê en só een van die waardevolste argiewe in die land opgebou.

“Ek weet ek het baie belangrike foto’s. Die dag toe John Vorster sy tasse gepak het en Grootte Schuur toe is, was ek die enigste fotograaf daar.”

Paul Alberts

Noudat hy siek is, besef hy hy moet sy huis in orde kry en “sorg vir my vrou, Charmaine, se pensioengeld”.

Hy werk tans deur al die fotomateriaal en maak afdrukke, maar dis nie al nie.

In 1999 het die teleurstellende belangstelling van die publiek in die 100-jarige herdenking van die Anglo-Boereoorlog gelei tot die stigting van Kraal-uitgewers.

Alberts en kol. Frik Jacobs, voormalige direkteur van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein, het saamgewerk en boeke oor die Anglo-Boereoorlog uitgegee. Die vierde boek in Die erwe van ons vaad’re-reeks, *Bannelinge in die vreemde*, is verlede week bekend gestel.

Alberts was die fotoredakteur en volgens hom verskyn foto’s daarin wat nog nooit gepubliseer is nie.

Die ander boeke in die reeks is *Die smarte van oorlog, Die bittereinde vrede* en *De la Rey: ’n stryd vir vryheid*.

’n Beperkte getal boeke is gedruk, wat dit versamelaarswaarde gee.

Die saak en geskiedenis van die Afrikaner lê Alberts so na aan die hart dat hoewel hy nie boer nie, hy ’n plasie by Brandfort in die Vrystaat gekoop het waarop een van die konsentrasiekampe was.

“Ek het altyd ’n sekere belangstelling in my mense gehad. Ek doen wat ek vandag doen omdat hulle steeds so geweldig oningelig is. Op skool het ons gehoor van die oorsake en gevolge van die oorlog, maar min oor wat regtig gebeur het en presies waardeur die mense is.”

Hy sê daar is wel al baie oor die Anglo-Boereoorlog geskryf, maar nie baie foto’s is gepubliseer nie. Dit is dié foto’s, veral dié wat op film en die outydse glasfilm vasgelê is, wat regtig wys “wie die mense is wat daar was en hoe dinge regtig was”.



van die eenheid vir gesplete lippe en verhemeltes
n Medunsa, ondersoek ’n baba wie se gesplete
by die Joseph Ravoahangy Andrianavalona-uni-

Foto’s: ANTOINETTE PIENAAR